PROF. DR. J. H. KROEZE, *Paraphrase van het boek Hooglied.* Franeker, T. Wever 1951, 78 bl.

Hierdie aantreklike klein geskrif vertoon dieselfde kwaliteite wat ons reeds vroeër by Prof. Kroeze se parafrase van die boeke Job en Spreuke opgemerk en geprys het, nl. 'n gevoeligheid vir die skoonheid van die Bybel, 'n nugtere eksegese wat nie skroom om van tradisioneel geykte opvattings af te wyk nie en 'n eerbiedige probeer om die Openbaringsinhoud van die Bybelboek op te vang en te beluister. 'n Weergawe soos van H. 7:1 (2) b met: „De lijn van uw buigende leest gelijkt op gesneden sieraden van de hand van een meester" is wel baie geslaag te noem. Kroeze verwerp tereg en op goeie argumentering die allegoriese verklaring van die Hooglied en kritiseer uitvoerig die Statevertaling se opvatting soos in die Kanttekeninge vervat. Sy kritiek op die dorsslee-teorie is nie so oortuigend nie waar hy hom teveel op die besonderhede van daardie verklaring toespits. Die kultiese en dramatiese opvattinge word tereg afgewys, en daarmee ook die sgn. „herder-hipotese" by sommige so gelief. 'n Sekere eenheid in die bou van die lied word gehandhaaf, wat 'n waardevolle teenwig vorm teen die al te analitiese „liederehipotese"; ek sou die eenheid liewer sien in digterlike komposisie en die agtergrond van die bruilofsgebruike (vgl. my inleiding tot die Hooglied in die „Commentaar op de Heilige Schrift", red. Dr. J. A. Vor der Hake, Uitg. H. J. Paris, Amsterdam, 1952 v., bl. 504 v.) as in 'n veronderstelde eenmalige historiese gebeure. Kroeze probeer tenslotte met 'n tipologiese verklaring die plek van die Hooglied in die Kanon te verklaar, na in 'n paar uitnemende bladsye (27 v.) die hoë betekenis van die „natuurlike" liefde soos in die Hooglied geprys, beklemtoon te hê. Die betoog ten gunste van 'n tipologiese opvatting word versigtig en simpatiek gevoer, maar is m.i. nie oortuigend ten opsigte van die oorspronklike bedoeling van

die skrywer of samesteller van hierdie liederebundel nie en word ook deur die Nuwe Testament nêrens assodanig aangewys nie. Ongetwyfeld word „het onderwerp van het Hooglied in Oud en Nieuw Testament gebezigd als beeld van Christus en Zijn gemeente" (bl. 30), ja, die onderwerp van die Hooglied, nl. die liefde tussen man en vrou, maar nie die nadere inhoud van die Hooglied nie en geen enkele van sy tiperende vorme of beelde of toneeltjies nie. Tipologiese of selfs allegoriese verklaring mag 'n rede vir die opname onder die Heilige Geskrifte gewees het, maar swart-op-wit bewyse daarvoor het ons nêrens, ook nie in die Nuwe Testament nie. Tipologiese toepassing van die Hooglied bly uiteraard geoorloof, maar dit sou ook van 'n skrifmatige, beheerste en versigtige allegoriese toepassing erken kan word. En in hierdie opsig het ons van 'n Bybelverklaarder soos Kroeze geen buitensporighede te vrese nie. In die „Aantekeningen" na die parafrase gee die skrywer ten slotte heelwat nuttige en enkele verrassende explikasies.

B. GEMSER.

* * *